

Donderdag 30 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 4:9-15

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:11a

Die Here voorsien in nood!

Soms voel dit in nood asof die Here jou vergeet en verlaat het. Maar is dit so?

Bankrot in die Here? – Ons ontmoet vir Paulus hier in die gevangenis as 'n eensame, ou man wat op sy teregstelling wag. Hoe sorg die Here dan vir sy kinders? Na alles wat hierdie ywerige dienskneg opgeoffer het. Al die ontberings vir die evangelie. Is dit hoe God sy kinders behandel?

Boonop wroeg hy oor Demas wat hom verlaat het – was al sy werk tevergeefs? Is dit die moeite werd om so te ly en vir die evangelie verrinneweer te word? Dis sulke tye dat baie gelowiges met verbitterde vrae in hulle harte sit.

Asof dit nie genoeg is nie, is die trietsige, nat en koue winter binnekort voluit daar. Paulus vra vir Timoteus om sy reismantel te bring. “... *en ook die boeke, veral die perkamente*” – waarskynlik die boeke van die Ou Testament. Dit is Paulus se inventaris op sy oudag: 'n baadjie en 'n Bybel. Is dit hoe God vir syne sorg?

Nee, skatryk in die Here! – Ons lees ook: “*Net Lukas is by my.*” Tog lê God se genade juis by hierdie Christendokter wat hom kon bystaan met liefde en versorging. Lukas was saam met Paulus op sy tweede en derde sendingreise. Hy het al die leed, swaarkry en pyn saam met Paulus beleef. Daar was niemand beter as Lukas om hom in hierdie uur by te staan nie. Lukas het presies geweet wat hy deurmaak. Is dit nie wonderlike sorg van die Here nie?

God se sorg sal nooit vir ons ophou nie. Sy Seun het by sy dood niemand gehad om Hom te ondersteun nie, selfs sy Vader het Hom verlaat sodat God nou altyd by ons sal wees en vir ons sal sorg, selfs in en onder ons grootste nood.

Sing: Psalm 46-1:1

Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)